

Geagte Ouers van Wittenberg Schule,

Ons vind ons in n onbekende Situasië met die Skole wat gesluit is weens die 'Lock down' wat deur ons President ingestel is as gevolg van die COVID-19 Virus. Ons het gehoop dat na die 21dae inperkinge alles sou terugkeer na normaal, wat nou nie die geval is nie. Die verlenging van die inperking bring nou nuwe Uitdagings en Besluite wat geneem moet word.

Die eerste en belangrikste punt ter sprake is die Akademie en Opvoeding van ons Kinders. Ek is in gesprek met Mnr Lilje en verneem dat hy in kontak met die personelede is, en dat hulle besig is met beplanning om Huiswerk uit te stuur via Whatsapp groepe om die druk van werk te verlig as ons terug Skool toe kom. Ek vra dat die ouers saam werk en sorg dat die kinders die werk doen. As die skool weer begin sal daar ook hoofsaaklik tyd aan Akademie spandeer word en Sport en Kultuur sal dalk die prys moet betaal. Ek vertrou dat ons die Jaar sal oorwin en dat elke Kind einde van die jaar sy Graad sal slaag.

Die volgende saak is ons fondsinsamelings-projekte. Met die inperkings is dit nie moontlik om die Boeredag aan te bied nie. Ons sal n Opname maak van alles wat ingesamel is, en kyk of ons van die goed kan verkoop of anders oordra vir volgende jaar se Boeredag. Vir die wat gegee het, Baie Dankie ons waardeer. Die ander fondsinsamelings-projekte sal ons op n later stadium oor besluit.

Dit bring my dan na die volgende punt, die finansies van die skool. Dit is BAIE belangrik dat ons, ons skoolgeld betaal. Ons het goeie Onderwysers by die Skool wat besig is om planne te maak dat ons

kinders se Opleiding nie onder hierdie Situasië ly nie. Ons het n verantwoordelikheid teenoor hulle sowel as ander finansieel verpligtinge wat ons moet nakom. Dit is seker die moeilikste tyd waardeur ons in die volgende tyd sal gaan , dus vra ek julle as Ouers om Skoolgeld n Priorityd te maak.

As daar ooit n tyd was waar dit nodig was om saam te staan, dan is dit nou die tyd! Ek glo vas dat die Here ons veilig hier deur sal laat kom, en n normale Skooldag weer sal beleef.

Wees Veilig en bly Gesond!

Groete

Die Beheerligaam

Henning Reinstorf